WERKLOSES IN WEERMAG

AfriForum wil hof toe oor opleiding

Departement van verdediging ontken plan met ANC-jeug is polities van aard

ERIKA GIBSON
Pretoria

AfriForum wil die departement van verdediging se planne om jeugdiges van politieke jeugorganisasies op te lei in die hooggeregshof in Pretoria stuit.

Mnr. Willie Spies, AfriForum se regsverteenwoordiger, het gesê sy organisasie is bekommerd dat die beoogde opleiding vir "genomineerdes van politieke partye" in stryd is met die bepalings van die Grondwet.

Dié organisasies sluit onder meer die ANC-jeugliga en die Jong Kommunisteliga in.

AfriForum het die departement van verdediging tot gistermiddag 17:00 kans gegee om volledige redes en besonderhede oor die keuring van die jeugdiges te gee voor hy met regstappe voortgaan.

Art. 199(7)(b) van die Grondwet bepaal dat die weermag en lede van die veiligheidsmagte nie die belange van enige politieke party mag bevorder nie.

Me. Lindiwe Sisulu, minister van verdediging, het in Mei vanjaar mnr. Julius Malema, president van die ANC-jeugliga ,en sy topbestuur genooi om twee weke se militêre opleiding in September mee te maak as deel van haar planne om 'n nuwe nasionale diensplig stelsel in werking te stel. Sy het dié oriënteringskursus ook onder die Jong Kommunisteliga en ander jeuggroepe bemark.

AfriForum voer aan dat geeneen van die opposisiepartye, ondanks 'n versoek in dié verband, uitnodigings gekry het om ook jeugdiges vir die opleiding te benoem nie.

Volgens Spies het Sisulu se woordvoerder, mnr. Ndivhuwo Mabaya, hom eergister verseker dat die opleiding eersdaags by die vloot se opleidingseenheid in Saldanha begin. Mabaya het egter gister ontken dat hy met Spies gepraat of so iets gesê het. Volgens Mabaya sal die opleiding waarskynlik op die vroegste in Oktober begin.

"Dit is nié 'n politiek-gedrewe inisiatief nie en enige jeuggroep is welkom om jong mense te benoem. AfriForum kan maar hof toe gaan as hy wil. Hierdie is die minister se poging om honderde werklose jeugdiges van die strate af te kry en aan hulle opleiding te gee."

Volgens Spies is AfriForum bekommerd dat 'n soortgelyke situasie as in Zimbabwe kan ontstaan, waar Zanu-PF jeugdiges in milisiekampe opgelei het.